PAULUS SE ROEPING

- Gebore in Tarsus, die hoofstad van die Provinsie: Cilicié, later bekend as Klein Asie.
- Hy was gebore 1 AD en sterf in 68 AD.
- Hy het Joodse ouers gehad, met Romeinse Burgerskap
    - **Act 22:25-27** En onderwyl hulle hom met die rieme uitrek, sê Paulus vir die hoofman oor honderd wat daar staan: Is dit u geoorloof om 'n Romeinse burger, en dit onveroordeeld, te gésel? Toe die hoofman oor honderd dit hoor, gaan hy dit aan die owerste oor duisend vertel en sê: Pas op wat u gaan doen, want hierdie man is 'n Romein. En die owerste oor duisend het gekom en hom gevra: Sê vir my of jy 'n Romein is? En hy antwoord: Ja.
- Tarsus het deel geword van die Romeinse ryk in 66 BC en in 41 BC deur Mark Anthony as Vrye stad verklaar. Belangrike inwoners en leiers word Romeinse burgerskap gegee – moontlik Paulus se ouers ook.
    - Paulus was dus 'n Burger deur geboorte reg
- Sy familie was heel moontlik 'n Ryk familie Hy was die hoogs geleerd in beide Grieks en Hebreeus.
    - Hy was die mees sekulêr opgeleide persoon van alle Nuwe Tesatamentiese rolspelers.
    - Ook geleerd in die kuns van briewe skryf en publieke toesprake – 'n gesogte lyn van kwalifikasie vir daardie tyd.
    - Sy briewe was geskryf in 'n vorm om voor te lees aan gemeentes.
- Hy was baie streng opgelei in die Joodse tradisies, en het persoonlik dit baie ernstig opgeneem en onderhou.
    - **Fil 3:4-6** Ek is besny op die agtste dag, uit die geslag van Israel, uit die stam van Benjamin, 'n Hebreër uit die Hebreërs; wat die wet betref, 'n Fariseër; wat ywer betref, 'n vervolger van die gemeente; <u>wat die geregtigheid in die wet betref, **onberispelik**.</u>
- Te midde van sy lewe en agtergrond, het God hom gekies om die mensdom SY Genade te wys.
- Hy was die eerste mens om te weet dat…:
    - God die mens volledig gemaak het deur die wedergeboorte en dat God in die mens sou woon – **Kol 2: 9 & 10** *Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; en **julle het die volheid** in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag;*
    - Die mens 3 ledig was (geen ander Bybel skrywer het dit ooit geleer nie) – **1Tess 5:23** *En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle **gees en siel en liggaam** geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!*

- Dat mens gees en siel kan skei – **Heb 4:12** …*en dring deur tot die skeiding van siel en gees…*

- Sy voorkoms was nie intimiderend nie en glad nie 'n persoon van liggaamlikke statuur soos Koning Saul nie, maar gering…
  - 2 Kor 10:10 *Want die briewe, sê hulle, is wel gewigtig en kragtig, maar die persoonlike teenwoordigheid is swak*
  - In 2 Kor 11:6 maak hy 'n opmerking oor hulle stelling aangaande hom, en weerlê geensins die opmerking oor sy voorkoms.
  - In die 2de eeuse historiese boeke beskryf hulle hom as, kort, bles, bak bene en krom neus. Geensins 'n persoon wat 'n *fisieke indruk* maak nie.
- Hy was 'n vervolger van die vroeë kerk – hy't baie christene laat vermoor en toesluit en probeer om die geloof uit te wis
- Paulus skryf nooit self oor sy bekering nie – net Lukas vertel ons hierdie verhaal.
- Paulus skryf wel oor die "***Openbaring van die geheimenis***" NA sy bekering
- Hy het na Arabie gegaan vir 3 jaar – Gal 1: 17 & 18
- Paulus ontvang die <u>finale evangelie</u> – die finale boodskap (*Goeie Nuus*) wat God die mens wou gee en in die Bybel laat dokumenteer het. Baie maal vergeet ons dat die Openbaring wat Paulus van Jesus ontvang het, 'n persoonlike lering is deur die Verlosser self, en dus die LAASTE boodskap van die evangelie bevat.
- Hy het 15 dae met Petrus, Jakobus (Jesus se broer) en Johannes spandeer en hulle hierdie boodskap en evangelie verduidelik.
- Daarna het hy 4 jaar in streek gebly en lering gegee – Gal 1:21
- Met sy 2de besoek aan Jerusalem was dit om 'n vergadering te hou oor sy roeping. Paulus is geroep vir die heidene. Daar tref hulle 'n ooreenkoms dat die heidene nie met Joodse verpligtinge belas sal word nie!!
  - Gal 2:2-10
  - Baie het die heidene onder Judaisme probeer vorseer en verwag dat bekeerlinge uit die heidene steeds sekere dele van die wet van Moses moes onderhou, maar Paulus het dit ten sterkste teen gestaan.
  - **Gal 2: 4-5** *en dit vanweë die ingesmokkelde valse broeders wat ingesluip het om ons vryheid te bespied wat ons in Christus Jesus het, sodat hulle ons in diensbaarheid kon bring; aan wie ons selfs nie 'n oomblik in onderworpenheid toegegee het nie, sodat die waarheid van die evangelie by julle bestendig sou bly*.
- Paulus stig 'n kerk in die Streek van Antihogië
- Sendelinge van die Joodse bediening verplig wedergebore heidene om Joodse beginsels aan te neem, wat teenstrydig was met die ooreenkoms.
- Hierna besluit Paulus om sy sendingwerk uit te brei en hy besoek verskeie ander streke
- Hy het baie hard geveg om wettisme en die Joodse gebruike UIT die kerk te hou en die bekeerlinge die Vryheid in Christus te leer
- Y het baie hard geveg om genade "Grace" aan mense te leer

SY BOODSKAP

- Hy praat 3 maal van "***My evangelie***". Die evangelie wat Jesus aan hom toe vertrou het om te verkondig. (Rom 2:16, Rom 16:25, 2 Tim 2:8).
- **1 Kor 11-1** Wees ***my*** navolgers, soos ek dit ook van Christus is
- **Gal 1:12** Want ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of geleer nie, maar deur 'n openbaring van Jesus Christus.
- **Ef 1:4** – die mens was gekies deur God, voor die skepping, om IN Christus te wees
- Eerste briewe wat geskryf was, was 1 en 2 Tess – 52 AD
- 53 AD was Galasiërs geskryf
    - Maak hier reeds sterk saak TEEN Judaisme en enige vorm van godsdienstige reels en tradisie.
- 2 Kor 10 tot 13 veg Paulus sterk teen die godsdienstige leiers van die tyd, wat hom sekerlik baie ongewild gemaak het. Die openbaring wat Paulus ontvang het, onderskei hom van die ander apostels se boodskap, want hulle het nog nie die OPGESTANE Jesus Christus leer ken soos aan Paulus openvaar nie.
- Sy openbaring en die dringendheid van sy boodskap was sy 1ste prioriteit – nie om "in te pas"
- Romeine was die enigste brief aan 'n gemeente wat hy nie self gestig het nie
- Dis 'n baie volledige uitleg van die evangelie – party noem die boek die "*Evangelie volgens Paulus*"
- Dit lê besondehede uit wat baie leersaam is, aangesien hy nie teenwoordig was om hulle te leer nie
- Eertse 7 briewe was geskryf in die tydperk van die boek Handelinge, tussen die periode van Hand 13 tot 28
    - Hierdie briewe sluit in:- 1 en 2 Tess; 1 en 2 Kor; Romeine, Gal; Heb
- Tydens hierdie tyd skryf hy meestal oor die aanneming van Christus, die Christelike lewe en die praktiese raad van die Christus lewe.
- Nader na di eeinde van hierdie periode vin dons 'n baie pertinente ervaring in Paulus se lewe wanneer Jesus aan hom verskyn en hom 'n boodskap gee…
- **Hand 22:17** *En toe ek in Jerusalem teruggekom het en besig was om in die tempel te bid, het ek in 'n verrukking van sinne gekom* ***en Hom gesien****, en H****y het vir my gesê: Maak gou en gaan haastig uit Jerusalem uit, want hulle sal jou getuienis aangaande My nie aanneem nie****. En ek het gesê: Here, hulle weet self dat ek besig was om die wat in U glo, in die gevangenis te werp en in die sinagoges te slaan; en toe die bloed van Stéfanus, u getuie, vergiet is, het ek ook self daarby gestaan en sy vermoording goedgekeur en die klere opgepas van die wat hom doodgemaak het. En Hy het vir my gesê:* ***Gaan heen, want Ek sal jou ver wegstuur na die gewone heidene****.*
- Hierdie opdrag word NIE aan die ander Apostels gegee wat die evangelie onder die Jode verkondig nie, maar Paulus se boodskap sou ONAANVAARBAAR wees om te hoor vir die Jode.

- In die volgende 7 briewe begin hy die mense meer leer aangaande ***Christus wat in ons leef***
    - Paulus het gegroei tot die punt waar Jesus meer SY LEWE word en DEUR HOM LEEF.
    - Hierdie briewe sluit in:- Ef; Fil; Kol; 1 en 2 Tim; Tit; Filémon.
- Ef, Fil en Kol moet as 'n eenheid gesien word.
    - Efesier handel oor die LIGGAAM
    - Kolosense handel oor Jesus as die HOOF VAN DIE LIGGAAM
    - En Filipense handel oor die LEWE IN DIE LIGGAAM

<u>PAULUS SE BOODSKAP SLUIT IN RADIKALE IDEES VIR DAARDIE TYDPERK:</u>

- **1 Kor 6:17** Maar wie die Here aanhang, is een gees met Hom
- **Gal 2:20** Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my
- **1 Kor 3-23** maar julle behoort aan Christus,
- **2 Kor 5-14** Want die liefde van Christus dring ons,
- **2 Kor 5-15** dat as een vir almal gesterf het, hulle dan almal gesterf het;
- **Rom 6-5,6** Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding; aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.
- **Rom 8-39** of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus
- **Rom 10-12** Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep

Kol 1-27 To whom God would make known what is the riches of the glory of this ***mystery among the Gentiles***; which is ***Christ in you***, the <u>hope of glory</u>: